**20 September 2026**

**Oggenddiens**

**Sing:** Ps. 8:1,2;  Ps. 8:3,4; Ps. 130:1,2; Ps. 2:1,6; Ps. 91:1,6

**Lees:** Psalm 2, Matt. 4:8-11

**Teks:** Matt. 4:8-11

**Tema: Christus aanbid die Vader alleen en voer sy heerskappy uit**

***Die versoeking tot valse aanbidding***

In die vorige twee versoekings het die duiwel op 'n sluwe en slinkse manier probeer om Christus tot ongehoorsaamheid te mislei. In die derde versoeking is sy misleiding oop en bloot met die versoek dat Christus  moet neerval en hom aanbid. In die Ou Testament het die Here egter reeds die belofte gegee dat die Seun oor al die koninkryke sal heers. Die duiwel bied dus iets vir Christus aan wat nie syne is om te gee nie. Die Satan is nie waardig om te aanbid nie en Christus sal nie voor hom buig nie.

***Die weerstand teen valse aanbidding***

Meer nog, Christus val nie net in die versoeking nie, maar Hy betoon ook sy heerskappy oor die Satan en sy magte. Christus ken die wil van sy Vader en die sending waarmee hy gestuur is. Hy is bewus van die profetiese vooruitsig dat hy alle heerskappy en mag sal ontvang, maar langs die weg van volkome gehoorsaamheid en onderwerping aan die Vader. In Christus deel ons aan hierdie gawe en sal ons saam met Christus regeer tot in ewigheid. Ons moet egter leef in gehoorsaamheid en diensbaarheid aan sy wil.

***Die oorwinning oor valse aanbidding***

Die uiteinde die versoekings wat Christus weerstaan het is dat die satan van hom weggegaan het. Hy is immers net 'n geskape, gevalle engel wat in opstand gekom het en wat onder die toelating van die Vader optree. Christus het egter die versoekings en die versoeker oorwin deur volkome onder die wil van die Vader te buig. Sy koningskap en heerskappy word reeds hier sigbaar wanneer die engel kom en Hom dien.

**Aanddiens**

**Sing:** Ps. 104:1,2,15; Ps. 25:1,2; Ps. 119:1,5

**Lees:** 2 Pet 1; NGB 3

**Teks:** 2 Pet 1:21; NGB 3

**Tema: God self het sy Woord aan sy volk openbaar om dit op Skrif te stel.**

***Die oorsprong van die Skrif***

Dit is noodsaaklik vir die gelowige kind van die Here om die waarheid oor God te bely. Hierdie waarheid word in die Skrif aan ons geopenbaar. Die openbaring van die Here is nie deur die wil van  mense uitgedink nie, maar is dit wat God van homself aan sy volk bekend gemaak het. Petrus leer die gelowiges in die verstrooiing dat die volle raad van God aan hulle bekend maak, wat hulle as ooggetuies van Jesus se omwandeling op aarde gesien het.

***Die opskryf van die Skrif***

Hierdie openbaring wat Petrus, en die ander apostels verkondig het is oorgelewer sodat ons as gelowiges vandag steeds die openbaring van die Here kan ontvang. Die Here het beskik dat die Woord wat deur die aartsvaders, profete en apostels verkondig is op skrif gestel word. Die geskrewe Woord van die Here verkondig ook Christus soos die profete en die apostels dit gedoen het. As kerk van Christus kan ons hierdie openbaring ontvang en daardeur toegerus en vertroos wees.

***Die aard van die Skrif***

Deur die geskiedenis het die Here homself deur die gepredikte en geskrewe Woord aan sy kinders bekend gemaak. Hierdie mense is deur die Heilige Gees geïnspireer om die woorde van die Here noukeurig oor te dra. Die kerk kan weet dat die Skrif goddelik en heilig is. Wanneer ons die bladsye van die Bybel oopmaak en daarin lees hoor ons die stem van die Here.